



Dorsy van die farthing (kwart-penny) van 1923 met afbeelding  
n koning George V as vors van die Britse ryk geslaan in die Munt  
Pretoria.



Agtersy van die farthing (kwart-penny) met twee mossies op 'n  
mimosatak  
Foto's van die Munt te Pretoria

4. Brief van Barclays (Bank) Museum, Johannesburg, 23 Mei 1986.
5. *South African Journal of Economics - Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese SATE*, jaargang 1956, p. 248 - Hierdie uitgawe bevat twee kort nekrologieë van J.J.I. Middleton, geskryf deur bestuurslede van die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Vereniging, prof. C.S. Richards en Dr. E.H.D. Arndt, *In memoriam J.J.I. Middleton*, op p. 248-250 met 'n portret van hom.
6. *SATE* 1956, p. 249.
7. Arndt haal Middleton se mededelings aan uit die *Verslag voorgelegd door Dr. Edwin Walter Kemmerer en Dr. Gerard Vissering over de hervatting van betalingen in goud door de Unie van Zuid-Afrika* (ens.). Staatsdrukkerij, Pretoria 1925, p. 448, Engelse uitgawe p. 458:  
 "To a very large extent the provisions of the Union Act were taken from reports issued by the Bank of Java. I drafted the Bill with one of the Java Bank's publications and the reports of the American National Monetary Commission beside me. Sir Henry Strakosch revised my drafts with professor Kemmerer's *A.B.C. of the Federal Reserve System* borrowed from Mr. Samuel Evans, beside him. In the course of revision the draft got to resemble the Federal Reserve Act more closely. I think the name of the Bank (SARB) has a good deal to do with its being thought that, in its operations and dealings, its business is restricted in the same way as the American Federal Reserve Banks, but an examination of the Act will show that except in the matter of reserve requirements for other banks, tax on emergency currency, appointment of directors and some other minor adaptations, it follows closely the constitution of the Java Bank and the Bank of the Netherlands (d.i. die sentrale bank van Nederland), especially in the matter of reserves and the business which it may or may not do".
8. In die Verslag van die kommissie Kemmerer-Vissering wat in noot 7 vermeld is, het Middleton aan die woord gekom op die volgende bladsye van die Nederlandse uitgawe: p. 405, 410, 429, 435, 437, 439, 446, 448, 449, 450, 453, 454, in onderhoude op 30 Desember 1924 met proff. A. Lehfeld en C.S. Richards.
9. Farthing is afgelui van fourth, dit is die waarde van een vierde penny. J.T. Becklake, *From Real to Rand*, Central News Agency, South Africa, sonder plek en jaar, deel op p. 39 oor die muntslag van 1923 en die kleinste munt daarvan mede:  
 "Farthing, a circle enclosing two sparrows on a sprig of mimosa, referring to the well-known Biblical passage: 'Are not two sparrows sold for one farthing, and one of them shall not fall to the ground without your Father' (Matthew 10, v.29). This, I understand, was at first suggested by Mr. J.J.I. Middleton, a former Secretary of Finance to the Union Government."
10. Mededeling van Mevrou M.J. Middleton, weduwe van Mn. J.J.I. Middleton, in 1986; ek bedank haar graag vir haar persoonlike mededelings en insae van dokumente van haar egenoot, onder meer sy getuigskefte.
11. Spreuke 6/verse 6-8 sê: "Gaan na die mier, luiارد, kyk na sy weë (handelswyse) en word wys! Hy het geen aanvoerder, opsigtiger of heerser nie, (nietemin) maak hy sy brood klaar in die somer, berg sy voedsel weg in die oestyd".
12. Mededeling van Mevrou M.J. Middleton.
13. Kyk die bron in verwysing een hierbo.
14. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, jaargang 1956, p. 248.
15. *SATE* 1956, p. 250.

**MOONTLIKE VOORBEELDE VAN REISACHER  
SE SKILDERYE VAN DIE  
TWEEDE ANGLO-BOERE-OORLOG 1899-1902 (4)**  
deur C. de Jong

**Vierde skildery: Die beleg by Paardeberg 17-27 Februarie 1900**

S. Reisacher se vyf skilderye oor die oorlog in Suid-Afrika 1899-1902 in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) te Pretoria toon 'n stygende lyn wat bewoë dramatiek betref. Die derde skildery beeld die slag op die Spioenkop uit en is vol menslike figure en lewendige aksie. Die vierde kunswerk toon min mense en hul sigbare aksie is gering, maar hulle is as 't ware omring deur 'n gordel van vuur en vlamme. Hierdie skildery beeld geen oorwinning van die Boere uit, soos die voorgaande drie kunswerke nie, maar 'n volledige neerlaag, naamlik die beleg van generaal P.A. Cronjé se leér by Paardeberg en sy tragiese ondergang op die walle van die Moderrivier, van 17 tot 27 Februarie 1900. Die oorgawe van Cronjé se leér op Majoebadag 27 Februarie 1900 was die beslissende wending in die oorlog. Ná die oorgawe moes die republikeine geleidelik hul gehele gebied aan die Britse leér prysgee en was hul sege buite die kwessie.

Die tafareel is netsoos op die eerste en tweede skildery 'n wye vlakte op die middelplan en agtergrond, waardeur 'n breë rivier - die Moderrivier - van links na regs tussen hoë walle stroom. In publikasies oor die oorlog in 1900-1902 staan talle tekeninge van die tiendaagse beleg en talte foto's van die Boere se oorgawe en hul verwoeste laer. Reisacher kon dus uit verskeie voorbeeld kies. In die besprekings van die eerste drie van Reisacher se werke in NASKO het ek een voorbeeld as hoofbron vir sy inspirasie aangewys. Ek kan dit nie by sy vierde skildery doen nie. Hy het gegewens van verskeie tekeninge en foto's afkomstig vryelik gekombineer tot 'n geheel selfstandige komposisie van sy eie vinding.

Op die voorgrond links sien ons Boere in gate in die rivierwal verskuil en 'n klein groep offisiere wat gespanne beraadslaag. Ek herken in hul midde generaal Cronjé aan sy lang jas waarin hy op foto's van sy oorgawe verskyn. In die stryder regte van hom wat nadruklik gebare maak, meen ek Danie Theron, baasverkenner van generaal Christiaan de Wet, te sien. Hy is deur De Wet wat gepoog het om die beleerde Cronjé te ontset, met 'n boodskap aan Cronjé deur die Britse linies gestuur. Hy beduie blykbaar aan Cronjé en dié se offisiere hoe hulle moet uitbreek en kontak met De Wet se ontsettingsmag moet maak.

Mnr. Ton Hennings betwyfel in sy brosjure *Vyf skilderye oor die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902* (uitgawe van NASKO, 1974, p. 13, linkse kolom) dat die gebarende stryder Theron voorstel. Hy skryf: "Danie Theron se klere, so word vertel, was aan flarde soos hy deur die Britse linies gekruip het; hier

(op die skildery) is dit in goeie toestand". Ek het geen moeite om in die gebarende Boer Theron te sien nie, want Reisacher het geen noukeurige verslag in beeld van die beleg beoog nie, dog 'n kragtige impressie van die gebeure. Dit geld ook vir die uitbeelding van die vernieling van die kettingbrug op die middelplan deur Britse geskut. Mn. Henning merk op (t.a.p. p. 13 links) dat Cronjé die kettingbrug vir sy beplande uitval ná Theron se besoek laat maak het, maar vir die skilder was hierdie tydsvolgorde nie ter sake nie.

Op die voorgrond sien ons verder in die middel 'n stukkend geskiete wa met twee sterwende muile daarvoor gespan as uitbeelding van die swaar lyding nie slegs van mense nie maar ook van diere tydens die beleg. Regs op die voorgrond is Boere- met 'n Maxim-Nordenfeldt-kanon in vol aksie in verbete weerstand teen die Britse oormag.

Op die middelplan word die kettingbrug stukkend geskiet, staan Cronjé se wa-laer in vuur en vlam en is die lug vol wolkies van ontploffende Britse granate. Stukke van waens word hoog die lug in geslinger. Die skildery gee die hel in die Boerelaer agt dae lank aangrypend weer, beter as die meeste geskrewe berigte wat redelik skaars is van Boerekant. Die dagboek van Hugo van Niekerk in die *Christiaan-de-Wet-Annale* No. 1 (S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, Oktober 1972) gee 'n ondramatiese verslag van die verskrikkinge van die beleg en onderbeklemtoon beslis. Die lewendigste verslag wat ek gelees het, is die onopgesmukte indrukke van die Fin Matts Gustafsson, lid van die Skandinawiese vrykorps, wat by die oorgawe gevange geneem is. Kyk C. de Jong, *Skandinawiers in die Tweede Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel een, Amsterdam 1983, p. 96-106.

Mnr. Henning haal op p.13 die oordeel van die kunshistorikus prof. M. Bokhorst oor die Paardeberg-skildery aan: "Soos die toneel op die doek uitgebeeld is, is die artistieke kwaliteit minder goed (as van die eerste drie werke). Van kleur en komposisie is dit, aan skilderreëls gemeet, te melodramaties. Die wakamp links bo is uit proporsie en in te helder kleure geskilder". Ek laat hierdie subjektiewe oordeel graag vir rekening van prof. Bokhorst. Vir iemand wat meer as een bombardement oorleef het, is Reisacher se werk nie melodramaties nie maar werklikheidsgetrou, en ek skryf die helder kleure toe aan die fel lig van die Hoëveld. Prof. Bokhorst se mening oor die voorgrond is gelukkig gunstiger: "Maar die figure van generaal Cronjé en die vergadering by hom en die sterwende perde (d.i. muile) is egter meesterwerke. Waar die werk te kort skiet aan artistieke kwaliteit bevat dit egter tot die hoogstegraad histriese waarheid".

Mnr. Hennings wys op die afwesigheid van menslike aksie op die skildery, in teenstelling tot Reisacher se ander werke, maar hy sien die Boere in vol aksie met die Maxim-Nordenfeldt oor die hoof.

Ek beskou hierdie werk nie as die swakste van Reisacher se reeks van vyf nie, maar as een van die sterkste.




Skildery van die Duitse oorlogskilder Sylvester Reisacher van die beleg van generaal P.A. Cronjé se laer by Paardeberg, 17 tot 27 Februarie 1900, aanwesig in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-Museum (NASKO) te Pretoria.

Foto NASKO



Afbeelding deur die bekende Britse oorlogskunstenaar R. Caton Woodville van die veldslag op 18 Februarie 1900 aan die begin van die beleg van geneaal P.A. Cronjé se leer aan die Modderrivier by Paardeberg van 17 tot 27 Februarie 1900. Op die voorgrond sien ons die dramatiese vergeefse stormloop van Britse soldate op die Boerelooopgrawe op die suidwal van die rivier wat van regs na links stroom. Die agtergrond word deur die noordwal ingeneem. Bo op en onder aan dié wal staan die Boere se wa-laer in vlamme, deur die omringende Britse geskut in brand geskipt. Hierdie afbeelding het moontlik Reisacher vir sy vierde skildery in NASKO geïnspireer.

Uit: *Illustrated London News, Record of the Transvaal War 1899-1900*, (besondere uitgawe), Londen 1900, p. 48.



Afbeelding deur H.C. Spriggs Wright volgens 'n sketsstekening van Fred Villiers van die beleg van generaal P.A. Cronjé se leër aan die Modderrivier by Paardeberg van 17 tot 27 Februarie 1900. Op die voorgrond skuil Boere binne 'n verskansing van sandsakke. Op die hoë rivierwal op die agtergrond brand die Boere se wa-laer wat deur Britse bomme in vlam gesit is. In die middel stroom die Modderrivier van regs na links. Bestanddele van hierdie afbeelding is moontlik deur Reisacher gebruik.

Uit: H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria*, Volume 2, Harmsworth Brothers, Londen 1901, p. 115




Foto van uitgebrande en stukgeskiete waens en dooie trekdiere en perde in generaal P.A. Cronjé se laer ná sy oorgawe by Paardeberg op 27 Februarie 1900. Hierdie foto het S. Reisacher moontlik geïnspireer by sy werk aan die vierde skildery oor die Anglo-Boere-oorlog in NASKO.

Uit: H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria*, Volume 2, Harmsworth

## DIE VLAG VAN DIE REPUBLIEK GOSEN

deur C. de Jong

Onlangs het ek onder die vlâe wat voor die Voortrekkermonument by Pretoria waai, 'n vlag gesien wat nie behoort tot die vlâe wat van die Nederlandse driekleur afgelui is nie.<sup>1</sup> Tog was die kleure daarvan my bekend. Hulle was drie horisontale bane swart, wit en rooi en 'n vertikale groen baan langs die vlagstok. Dit was die vlag van die kortstondige republiek Gosen aan die wesgrens van Transvaal wat van 1882 tot '85 bestaan het. Dié vlag voer ons terug na die jaar 1881. Toe het oorlog tussen hoofmanne van die Barolongvolk by die Transvaalse wesgrens uitgebreek. Gewapende vrywilligers uit Wes-Transvaal het die hoofman Machete gehelp om sy teenstander Montsiao te verslaan. Machete het as beloning die Transvalers grond en vee gegee. Hulle het in Januarie 1882 op dié grond die klein republiek Gosen gestig en in 1883 die ander dwerghrepubliek Stellaland. Stella beteken in Latyn ster. Volgens bewering dank die republiek sy naam aan die komeet of stertster wat van 22 Mei 1881 tot 12 Februarie 1882 in Suid-Afrika sigbaar was en veel aandag getrek het. Die vlag van Stellaland het in die middel 'n ster en twee bane in rooi en groen getoon.

Die republiek Gosen is genoem na die grensgebied van Ou-Egipte wat deur die onderkoning Josef aan die Hebreërs toege wys is. Dit was aan die rand van die Sinai-woestyn geleë soos Gosen in Suid-Afrika aan die rand van die Kalahari-woestyn geleë het. Ook Gosen het sy eie vlag gehad. Die groen baan daarin is dieselfde as in die Vierkleur van die Zuid-Afrikaansche Republiek Transvaal (ZAR). Die swart-wit-rooi vlagbane is dieselfde as van die vlag van die keiserryk Duitsland (1871-1918). Kan dit toeval wees? Ek glo dit nie. Omstreeks 1882 het Duitsland belang in kolonie-stigting oorsee begin stel. Hy het in 1884 Groot Namaland in Suidwes-Afrika tot sy protektoraat verklaar. Die bestuur van Gosen het moontlik die Duitse uitbreiding vanaf die weskus in sy rigting verwelkom as teenwig teen Britse uitbreiding na die noorde en uit simpatie vir Duitsland die kleure van die Duitse keiserlike vlag aangeneem.

Die Britse uitbreidingsdrang was egter die sterkste, want die Britse regering wou belet dat Duits Suidwes-Afrika na die wesgrens van Transvaal uitgebrei sou word en die pad van handelaars en sendelinge na die noorde sou inneem. Dié pad was naamlik ook dié van Britse uitbreiding na die noorde en daarop is Gosen en Stellaland gestig. Daarom het die Britse regering 'n polisiemag gestuur en dit het in 1885 die twee republieke beset. Die grootste deel daarvan is toe by die nuwe Britse kroonkolonie Betjoeanaliland gevoeg en die kleinste by die ZAR om die Transvalers tegemoet te kom, want hulle het op toekomstige anneksasie van die twee republiekies gehoop. Met die republiek Gosen het ook sy vlag verdwyn.

1. Kyk C. de Jong, *Die Nederlandse vlag as voorbeeld vir ander landsvlâe*, in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir kultuurgeskiedenis*, jaargang 2 no. 1, Januarie 1985, p. 6-10. Op p. 9 het ek per abuis as die kleure van die vlag Gosen blou-wit-rooi vermeld.

## “DIE GROOT GRYSE”

Die skryfster Anna M. Louw is bekend danksy onder meer haar twee historiese romans oor Paul Kruger, getiteld *Die banneling* en *Die Groot Gryse*. Albei titels is aangeleef van twee gedigte. Die eerste is van Jan F.E. Celliers, “Dis al”, met die reëls “Dis 'n balling gekom oor die oseaan .....” Die tweede gedig is van die Nederlandse digter P.C. Boutens, 1870-1943. Hy was een van die Nederlandse digters wat verse op die Boere en hul heldestryd gemaak het, onder wie bekendes soos Willem Kloos, Frederik van Eeden en Albert Verwey. Boutens het ook 'n gedig op Gideon Scheepers gemaak.

Boutens geld as 'n moeilike digter. Hy beeld in sy sonnet “Aan S.J.P. Krüger” wat hy “de Groote Grijze” noem, die teenstelling uit tussen Wes-Europa met sy vogtige, newelige klimaat en swoegende bestaan van dromme Europeërs en Kruger se eenvoudige reusegestalte uit 'n ver land vol fel sonskyn en diep skaduwees - 'n destyds veel beskrewen teenstelling.

C. de Jong

### AAN S.J.P. KRUGER

Waar felle schaduw tiert noch zonneschijn,  
In Westerland, dat door zijn wolgeloken  
Vensteren 't daglicht kleureloos gebroken  
Voelt schrijnen, artsenij-verdoofde pijn;

Hier waar moë slaven in hun schemermijn  
Geruischloos over 't vreugdloos werk gedoken  
Leven en sterven en de onuitgesproken  
Waarheid meeneme' in 't eeuwiglijk-stilzijn, —

Hoe staat hier plotseling de scherpgekante  
Toren van uw slagschaduw, Groote Grijze,  
Eenig massief in 't neevlig-transparante? .....

Is het dan waar, wat geen gelooven kon,  
Dat nog menschschoudren boven wolken rijzen,  
Menschoogen opzien in Gods simple zon?

P.C. Boutens, *Verzamelde werken*, deel een; J. Enschede & Zoon en  
J.C. Boucher, Haarlem – Den Haag 1983

## VANDALISME – VANWAAR DIE UITDRUKKING?

deur C. de Jong

In die pers is deesdae dikwels sprake van "vandalisme" en "vandale". Ook in *Pretoriana*. In die uitgawe No. 77/78 van September/Desember 1979 lees ek op p. 47 as titel van Mn. Mervyn Emms se artikel "East Fort, a monument to the Vandals: Strubenkop".

*The Oxford Universal Dictionary Illustrated*, deel 2, Oxford ens., 1975, omskryf "vandalism" soos volg: "The conduct or spirit characteristic of the Vandals in respect of culture, ruthless destruction or spoiling of anything beautiful or venerable". Vandalisme is dus kortweg vernielsug. Dit is die moedwilige beskadiging of vernieling van monumente, bouwerke en ander kunswerke asook van natuurskoon. Die verskynsel is natuurlik al oud, maar is in ons tyd algemener as in voorgaande eue en 'n teken van verval van sedes. Nie alleen die publiek nie, maar ook die owerheid word dikwels daarvan beskuldig, hoewel die owerheid hom beroep op die algemene nut. Dit is egter so dat die owerheid dikwels aan die publiek die slegte voorbeeld stel, hoewel hy die goeie voorbeeld moes voorhou.

Wie was die Vandale na wie dié onrusbarende verskynsel vernoem is? Die Romeine het hulle in die tweede eeu n.C. in die huidige Silesië en Boheme aangetref. Hul taal was Germaans. Hulle was een van die talle barbaarse volkstamme wat tydens die Groot Volksverhuis in die 4de tot die 6de eeu deur Europa geswerf het - sommige herken in die naam Vandale die woord wandelaar, Duits Wanderer, maar dis onseker. Die Groot Volksverhuis (the Great Migrations) herinner my in talle opsigte aan die Mfecane of Difaqane in Suider-Afrika in die eerste helfte van die 19de eeu toe groot skares swartes onder leiding van bekware leéraanvoerders soos Dingiswayo, Shaka, Msilkaats, Zwangendaba en andere rondgetrek, geroof en gemoor het.

In die 4de eeu n.C. het die druk van barbaarse volke op die langgestrekte noordgrens van die Romeinse ryk langs die Ryn en Donou so groot geword dat hulle in massa oor die grens gebars en die ryk grotendeels onder die stof geloop het. Hulle was op soek na buit en grond en het rondgetrek, geplunder en gemoor om hulle tenslotte érens te vestig, waar hulle beskaafder maniere geleer en met die inheemse bevolking versmelt het. Gedurende hul omswerwings het hul stamname vir altyd 'n slegte klank gekry, soos Teutone, Hunne, Gote en Vandale.

Ook die Vandale het opgebreek, Pannonië (Hongarye) beset, later deur die Hunne daaruit verdryf, na Germanië (tans Duitsland) getrek en in 406 Gallië (tans Frankryk) binnegeval. Die Romeinse ryk het intussen ineengestort. In 409 het hulle weer verder getrek en Spanje verower. 'n Ander Germaanse volk, die Wes-Gote, het hulle op hul hakke gevolg en hulle uit Spanje verdryf en volgens oorlewering in 428 ten dele vernietig. Slegs die suidelike deel van Spanje het in Vandaalse hande gebly en hulle het daar hul naam in die streeknaam

Andalusië agtergelaat. Hulle het uitgewyk na die destyds welvarende Romeinse provinsie Africa en 'n nuwe ryk gestig in die huidige kusstreke van Marokko, Algerië en Tunesië.<sup>1</sup> Hulle het die strategies gunstig geleë stad Carthago tot hoofstad gemaak.

In koning Geiserik wat lank van 427 tot 477 geregeer het, het die Vandale 'n groot leier gevind en 'n sterk ryk gestig. "Success succeeds": hul sukses het talle lede van ander volke aangetrek en die inwoners van Noord-Afrika, vanouds seevaarders en seerowers tot in die 19de eeu, het hul seemag ter be-skikking van die Vandaalse meesters gestel. Hul vloot was die sterkste in die 5de eeu. Daarmee het hulle Sisilië, Sardinië, Korsika en die Baleare verower en in 455 n.C. Rome twee weke lank geplunder. Dit was nie die eerste inval in die weerlose Italië en plundering van Rome nie: die Wes-Gote onder koning Alarik het in 410 Rome swaar geplunder. Maar die Vandale se besoek aan die Ewige Stad geld as die laagtepunt van Rome se vernedering en daaraan het die Vandale hul blywende slegte naam te danke.

Na bewering was die Vandaalse volk toe 80 000 sterk, maar getalle was gedurende die Volksverhuisingstyd onbetroubaar. Hulle was netsoos ander Germaanse volke soos die Wes-Gote, Oos-Gote en Longobarde Ariane, volgelinge van Arianus se uitleg van Christus se leer, en hulle het die lewe van hul Room-Katolieke onderdane in Noord-Afrika, aanhangers van kerkvader Augustinus van Hippo by Carthago, versuur. Toe 'n sterk vyand uit die buiteland opdaag, het die onderdane dan ook almal die kant van die vyand gekies en het die Vandaalse ryk spoedig tot 'n val gekom.

Dié vyand was die Oos-Romeinse ryk van Konstantinopel wat hom gehandhaaf en 'n grootskaalse teenoffensief teen die barbaarse veroweraars onderneem het onder keiser Justinianus die Grote (527-565). Hy het in 533 sy bekwame veldheer Belisarius (wie se naam verklaar word as Slawies Bjelo Tsaar, d.i. wit vors) met 'n vloot en leer na die Vandaleryk gestuur. Die Vandalekoning Gelimer het hom met sy leer onverstandig in 'n bergvesting laat omsingel en moes oorgee. Dit was die vinnige einde van die Vandaleryk in 534. Slegs hul naam leef voort, maar met 'n slegte klank.<sup>2</sup>

1. Terwyl die Vandale Hippo, na Carthago die grootste stad in die provinsie Africa, beleer het, het in dié stad biskop Augustinus gesterf. Hy het van 354 tot 430 n.C. geleef en is die belangrikste kerkvader van die Christendom in die Oudheid. Met sy dood en die verowering van Hippo en Carthago deur die Vandale het die ou, antieke beschaving in Afrika geëindig.
2. Die bekende Britse romanskrywer Robert Graves het in die jare 30 "histoires romancées" van bekende Romeine gepubliseer, met name *I Claudio*, *Claudius the God* en *Belisarius*. Daarin volg hy kritiekloos Romeinse geskiedskrywers na, in Belisarius die skrywer Prokopius wat 'n baie geflateerde indruk van dié veldheer en onvlieende van die barbaarse volke gee.



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA